Na 2010 sokker... opsie 3?
Jon 2:1-12 & Johannes 4:1-26
Johannes 20:21

Inleiding

Sokker is nie almal se koppie tee nie. My pa, wat seker nog nooit 'n sokker wedstryd in sy lewe gekyk het nie, het nou 'n hele ingevulde toernooi kaart. Ek het skielik ook spelers se name genoem en geklink asof ek weet waarvan ek praat.

Maar of jy daaraan verslaaf was en of jy dit vermy het soos die griepvirus, 6 weke se vakansie en min verkeer is nou verby.

Ons is nou weer terug in die regte wêreld met sy probleme. Verhoudingsprobleme, geldprobleme, werksprobleme. Suid-Afrika met sy ekonomie, xenophobia en korrupsie.

Vir meer as 'n jaar het alles gefokus op die sokker, maar waaroor gaan 'alles' nou weer? Waarheen nou?

Ek dink baie mense het hulleself in die sokker 'verloor' omdat die wêreld waarin ons lewe ook maar 'n vreemde oerwoud geword het.

Golwe wat spoel

Die slim mense sê daar het eintlik drie groot golwe oor ons gebreek die laaste klomp jaar.
Postmodernisme – Ons is weg van 'alles maklik verstaan en beheer in hokkies en vakkies', na 'alles deurmekaar gemeng soos 'n verkleurmannetjie op 'n smartieboks'.
Post-Christenheid – jou omgewing help Christene eintlik nie meer nie, die Christelike geloof se invloed is amper nul.
Globalisering – Alles is vas aan mekaar. Jou lewe word elke dag beïnvloed deur dinge waaraan jy niks kan doen nie bv. ekonomiese resessie. Jou hande voel afgekap.

Daar is eintlik net drie maniere waarop jy kan reageer.
Ontken – Maak asof dit nie so is nie en hoop dit gaan self weg. 'See no evil, hear no evil speak no evil.'
Verskans – Probeer ten alle koste keer. Bou mure en grense om dit weg en buite te hou.

Ingaan – Spring juis in en gaan swem in die water. Leer die nuwe wêreld ken sodat jy weet wat aangaan en iets daaraan kan doen.

In Suid-Afrika is Afrikaanse mense oor die algemeen baie goed met *ontken* en *verskans* maar sleg met *ingaan*.

God het ook op 'n stadium drie sulke keuses gehad oor ons wêreld en ons elkeen wat hier sit. Nadat ons alles opgemors het, kon Hy:

Ons ontken – ons eenkant los soos 'n vrot tamatie om verder te vrot tot niks oorbly nie.
Homself Verskans – deur die wêreld en ons elkeen êrens in 'n kamer toe te sluit sodat Hy nie naby ons hoef te kom en dalk deur ons vuilgemaak word nie.
Inkom – na hierdie einste ashoop om 'in ons water te kom swem', ons suurstof in te asem sodat Hy dit van binne af kan verander.

As ons sê ons is '*saam op pad met God*', volgelinge van Jesus, dan hoef ons gelukkig nie te wonder watter kant toe en waarheen nou in Suid-Afrika nie. Want ons weet mos wat God gekies het – Ingaan!

Filippense 2:5-7:

5Dieselfde gesindheid moet in julle wees wat daar ook in Christus Jesus was:
6Hy wat in die gestalte van God was, het sy bestaan op Godgelyke wyse nie beskou as iets waaraan Hy Hom moes vasklem nie, *7maar Hy het Homself verneder deur die gestalte van 'n slaaf aan te neem en aan mense gelyk te word.*

Hierdie verse beskryf God se in-karnasie in Jesus – dit beteken letterlik hoe Hy in ons velle ingekom het. Hoe Hy in ons 'vuil water kom swem het' en ons lug kom inasem het.

Maar God het eintlik nie 'n keuse gehad nie. In sy wese is Hy so getrou, goed en volmaak in sy liefde dat Hy nie iets anders as opsie 3 sou kies nie!

En ons het ook eintlik nie 'n keuse nie. Jesus sê in Johannes 20:21 vir almal wat sy dissipels wil wees:

21"Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. Ontvang die Heilige Gees! As julle vir mense hulle sondes vergewe, word dit hulle deur

God vergewe; as julle dit nie vergewe nie, word dit nie deur God vergewe nie."

Mense wat Jesus volg het nie 'n keuse nie.... maar êrens dink ons nog om Jesus te volg is om ons oë toe te hou vir mense wat hulleself in sonde vernietig. Ons kyk nie daarna nie, praat nie daaroor nie, luister nie as hulle praat nie. Of om Jesus te volg is om duidelike lyne te trek tussen 'ons' en 'hulle' en te sorg dat 'ons' nie deur 'hulle' vuilgemaak word nie. Ontken en verskans.

Maar as Hy jou hoegenaamd al aangeraak het met liefde deur in jou vuil lewe in te kom en vir jou genade te gee is die enigste ding wat Hy van jou vra om dieselfde te gaan doen vir die mense en wêreld om jou.

Dit is hierdie lyne wat ons moet optel na die 2010 wêreldbeker - en dit was nog nooit anders nie. Kom ons kyk na hoe Jesus nie bang was om vuil te word nie maar juis in gegaan het:

Die vuil van godsdiens

Johannes 2:1-12 beskryf Jesus se heel eerste wonderwerk as 'n teken [v11]– 'n verduideliking vir ons van waaroor die res van sy hele bediening sou gaan. Dit was die bruilof in Kana.

Die wyn by die troue het opgeraak. Jesus het toe kanne wat bedoel was vir die rituele reinigingswater van die Jode laat volmaak met water en dit in wyn verander. Nou... hoe is dit 'n teken van sy bediening?

Hierdie reinigingswater was nie gewone hande-was water nie. Dit was eerder simbolies om die vuilheid van alledaagse dinge waarmee jy te doen gehad het af te was. Hulle moes was, al was hulle hande nie vuil nie (Matt. 15:1,2). Dit was eintlik 'n manier van ontken en verskans van die vuil wêreld.

Jesus trek 'n streep deur hierdie manier van 'vuilheid' hanteer. Aspris vat Jesus hierdie kanne wat daarvoor bedoel is, maak dit vol met baie lekker wyn en laat die mense verder feesvier nadat hulle al klaar goed gedrink het.

Jesus wys sy glorie in hoe Hy die mense se pogings om rein en skoon te bly eenkant vee en die oorvloedige versorging van God kom uitdeel.

Jesus se eerste teken wys dus dat Hy nie gestuur is vir die uitbou van 'n godsdiens van grense en reëls om skoon te bly nie maar om in mense se wêrelde in te gaan en God se oorvloed te bring!

Vir daardie selfde rede het hy aanhou vriende maak met mense wat baie sleg en verkeerd gelewe het en saam met hulle gekuier. Dit is hoekom die godsdienstige leiers Hom probeer slegsê het as 'n vraat en wynsuiper (vgl. Luk 7:33-35).

Jesus leer ons 'n lewenstyl van ingaan, saamwees en hierdie wêreld en die mense van hierdie wêreld heelmaak. Hy sorg vir die skoonwees.

Die vuil van die lewe

'n Ander plek waar Jesus ingegaan het sonder om bang te wees vir die vuil, was Samaria.

Die streek Samaria, tussen Judea en Galilea, was 'n regte mengel pot van baster mense met 'n gemengde godsdiens van bietjie Joodsheid en ander heidense bygelowe. Die Jode het eerder kilometers omgeloop as om deur hierdie streek te moet loop en Jesus 'n keer gevloek deur hom 'n Samaritaan te noem (vgl. Joh. 8:48)

Jesus wou na Galilea toe gaan maar het weer opsie 3 gekies en besluit om nie om te loop nie. Hy ontmoet toe 'n Samaritaanse vrou met 5 huwelike op die kerfstok en nou maar eerder net saam met man nr. 6 bly. Hy groet haar vriendelik en vra haar of Hy bietjie water uit haar kruik kan drink.
Dit was so ongewoon dat ons uit haar antwoord kan aflei dat sy gedink het daar is 'n groot skroef los: ""Hoe vra jy, wat 'n Jood is, vir my, 'n Samaritaanse vrou, water om te drink?" (Joh.4:9)

Ons weet hoe dit eindig: Jesus het ingegaan, haar diepste dors kon aanspreek, haar geleer dat godsdiens nie oor spesiale plekke gaan nie maar dat God aanbid kan word deur mense soos sy deur sy Gees en in waarheid. Baie mense daar het tot bekering gekom.

Wat as Jesus bang was vir vuil word? Ontken het, of sou verskans het en nie ingegaan het nie?

Hoe gaan jy in?

Jesus sê vir jou "Soos die Vader my gestuur het, stuur ek julle".

Hierdie woorde praat van ingaan. Keuse 3. Ongelukkig mis baie gelowiges en gemeentes die punt. Hulle is so bang vir vuil-lyk of kritiek en maak dan eerder hulle oë toe, of skop hakke in, eerder as om in te spring.

Hoe lyk hierdie keuse 3, 'ingaan in ons wêreld'? Dit is nie een of ander projek van die gemeente nie. Ook nie een of ander besluit nie. Dit begin by ons innerlike houding wat dan bepaal waar ons tyd spandeer. Dit beïnvloed ons vriendskappe en prioriteite. Dit gaan nie oor vry-wees om sonde te doen nie... dit gaan oor vryheid in Christus om in te gaan.

Ek erken vandag dat ek hieraan skuldig is. Ek is geroep om Brooklyn gemeente te begelei in die bediening van studente. Tot nou toe het baie van my denke gedraai oor hoe om die studente hier te kry en op kampe te kry, sodat hulle die liefde kan beleef en die evangelie kan hoor.
Maar ek het nog nooit in hulle wêreld ingegaan nie. Ek was bv. nog nooit in die twee en 'n half jaar vandat ek hier is op 'n Vrydagaand in Hatfield se kuierplekke nie. Ek ken niemand daar nie en het nog nooit die liefde en evangelie soontoe gevat nie.

Dis maar net 'n voorbeeld. Ek weet nie hoe 'ingaan' in jou wêreld na die 2010 sokker sal lyk nie. Maar ek weet dat Jesus Christus ons juis kom vrymaak het daarvan om deur ons eie pogings van skoonbly God se liefde en vryspraak te verdien (Rom 3:21-31). Ek weet ook dat Christenskap nie daaroor gaan nie. Die liefde en vryspraak wat ons gratis in Christus het maak juis dat ons kan ingaan onder leiding van sy Gees, sonder om iets oor te kom (2 Tim 2:1).

Slot

Of jy aan die sokker verslaaf was en of jy die chaos vermy het soos die griepvirus, dis nou verby.

Die regte lewe en stukkende wêreld kyk jou vierkantig in die gesig. Uitbly en skoonbly is nie 'n opsie vir volgelinge van Jesus nie. Hy stuur ons elkeen:

21 *"Vrede vir julle! Soos die Vader My gestuur het, stuur Ek julle ook. Ontvang die Heilige Gees!"*

Amen

Griffel van Wyk
Brooklyn
18 Julie 2010